**SEPTEMBER / OKTOBER 2018**

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## HARDLOOP WEG VAN GOD SE PLAN

Shinichi Goto is gebore in April 1968 en het grootgeword in Kyoto. Sy gesin het 'n Boeddhistiese altaar gehad om hulle voorvaders te vereer, asook 'n Sjintogoderak, maar hulle was nie juis baie getrou aan hulle geloof nie.

"My eerste kontak met die Christendom was toe ek in die laerskool was en 'n vriend my na die Sondagskool genooi het," het Shinichi gedeel. "Ek het die pret en vriendskappe geniet, maar was nie regtig geïnteresseerd in die Christendom nie. Na 'n ruk het ek begin om sport te beoefen en het ek opgehou om Sondagskool toe te gaan.


*Shinichi Goto*

Die grootste deel van my kinderdae was heel normaal, maar sekere dinge was nie so nie. Sover my geheue strek, onthou ek hoe my ouers baklei het. Ek het dikwels gesien hoe my pa my ma geslaan het en partykeer ook vir my. Ek kan onthou dat ek gehoor het hoe my pa gespog het oor sy verhouding met 'n ander vrou en gedreig het om ons gesin te verlaat. Ek het geweet hierdie dinge is nie normaal nie.

In my grootwordjare, is ek dikwels vergelyk met ander Japannese kinders. My familie bly al vir baie generasies in Japan, maar ons was eintlik van Koreaanse afkoms. Ons is dikwels daaraan herinner dat **ons Koreane drie keer soveel meer pogings moet aanwend om in 'n Japannese gemeenskap te kan oorleef.** Ek is dikwels geterg en daar is teen my gediskrimineer vanweë my Koreaanse afkoms. Hierdie dinge het my tot die slotsom laat kom dat ek slegs een derde werd is van dié van 'n normale Japannese persoon. Wanneer ek nadink oor wie ek is, dan kon ek nie help om minderwaardig te voel nie.

Toe ek 16 jaar oud was, het ek 'n strooibiljet by die ingang van die hoërskool ontvang. Dit was 'n advertensie vir Engelse klasse wat by 'n nabygeleë kerk aangebied word. Dit het my aandag getrek omrede ek kon onthou hoe die kerk my verwelkom het toe ek baie jare gelede die Sondagskool bygewoon het. Daar was ook allerhande konflik by die huis en ek het 'n plek gesoek waarnatoe ek kon ontsnap; derhalwe het ek saam met 'n vriend gegaan om Engels te leer.

Die Engelse klas was direk voor Sondag se erediens, wat ek dan ook moes bywoon om te kan deel hê aan die Engelse klas. Ek het begin vriende maak met baie mense wat baie gaaf was en my aanvaar het vir wie ek was. Na 'n kort rukkie het ek begin wens dat hierdie kerk my huis kon wees en die jeugpastoor my pa. Ek het baie boodskappe gehoor en weer die Bybel begin lees.

Ek is getref deur die storie van die blinde man in Lukas: **Jesus het naby Jerigo gekom. Toe 'n blinde man wat daar langs die pad sit en bedel, die groot menigte hoor verbyloop, vra hy wat aan die gang is. Hulle vertel hom toe: 'Jesus van Nasaret gaan hier verby.' Toe roep hy uit: 'Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my!'** (Lukas 18:35-38)

Ek het begin besef dat ek soos hierdie blinde man was – dat my oë blind was vir die Waarheid en die omvang van my sonde. Ek het Jesus toe gevra om my genadig te wees. Ek het begin glo in die bestaan van God, dat Jesus die Seun van God is, die kruis en die opstanding. Dit is hoe ek my nuwe lewe begin het as 'n Christen – ses maande nadat ek begin het om die kerk by te woon. Ek was so bly om God se kind te wees en deel te wees van die familie van God. Ek het vreugde en vrede gehad wat ek nog nooit tevore ervaar het nie. Alles het nuut geword!

Toe ek begin studeer by die universiteit, is al my tyd in beslag geneem deur aktiwiteite by die universiteit. Die vriende wat ek gemaak het, was vol idees oor hoe om te slaag en ek is grootliks deur hulle beïnvloed. Ek het begin fokus op dinge wat sou verseker dat ek sukses in die lewe sou behaal. Ek het opgehou om kerk toe te gaan en om my Bybel te lees. Ek het steeds in God geglo, maar die probleem was dat ek nie werklik geglo het dat God se plan vir my lewe die beste was nie. Ek het gevoel dat ek 'n beter plan kon beraam en op my eie sukses kon behaal.

Vir twee jaar het ek my besig gehou met studies by die universiteit en was ek vol selfvertroue dat ek op die pad van sukses was. Maar later het ek besef dat dit nie was wat ek vir die res van my lewe wou hê nie. Ek het leeg gevoel, onvervuld en geweet ek mis iets baie belangriks. Dit was toe dat ek my Bybel uit die kartonboks in die kas haal en Psalm 139 begin lees. Die volgende woorde het my gebed geword: **Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!** (Psalm 139:23-24)

Ek het besef dat my gebrek aan geloof in God se perfekte plan vir my lewe en die selfsugtige manier waarop ek my eie planne gevolg het om sukses te behaal, verkeerd was.

In my derde jaar op universiteit het ek my sondes bely en my planne vir sukses oorgegee aan die Here en gevra dat Hy my sou lei op elke tree van my pad – met die vertroue dat sy plan die beste vir my lewe sou wees. Dit was die eerste keer wat ek die besluit geneem het om Jesus te gehoorsaam en Hom as die Here van my lewe te aanvaar.

Die Here het my gehelp om my Meestersgraad in Onderwys te behaal en ek het begin onderwys gee by 'n Christenskool, nl. **Kyoto Internasionale Universiteits-akademie.** Ek gee nou alreeds 20 jaar onderwys by hierdie skool en het wonderlike geleenthede om te onderrig en die Woord van God te deel met die leerlinge. Dit is opwindend om te sien hoe God voortgaan om die saad wat gesaai is in die harte van die leerlinge, en te sien dat hulle groei en verryk word deur hulle kennis van ons Here Jesus.

God het my ook gelei om met 'n wonderlike Christen-vrou te trou en Hy het ons twee seuns gegee. God het waarlik 'n perfekte plan vir my lewe!

Ek verstaan nou die waarde daarvan om God se perfekte plan te volg, selfs al maak dit nie altyd op daardie tydstip vir ons sin nie. God het my geleer dat sy plan nie altyd die maklikste is nie, maar uiteindelik is dit die mees bevredigende plan om te volg.

Ek prys God vir die versekering dat Hy voortgaan om dit vir my te gee en dat Hy my sal lei in ooreenstemming met sy perfekte plan!"

**Bid** vir hierdie vader van twee, wat die geleentheid het om so baie mense vir Christus te beïnvloed.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

| | |
|---|---|
| **7-40 MONZEN CHO** | **POSBUS 30106** |
| **IKOMA CITY, NARA KEN** | **WONDERBOOMPOORT 0033** |
| **630-0266, JAPAN** | **Tel: (012)377-1533** |
| **Tel: 0081-743731754** | **083 719 0227** |
| **Faks: 0081-743731681** | **Faks: (012)377-1533** |
| **japanmission.org** | **sa@japanmission.org** |

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## DIE SENDING SE UITREIKE- "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreik
- Bejaardes Uitreik
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreik
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 20/6/2018, 21/6, 30/6, 2/7, 3/7, 16/7, 20/7, 21/7, 31/7, 3/8, 6/8, 15/8, 16/8, 20/8, 21/8. ABSA BANK:- 26/6, 28/6 Bybels, 1/7, 1/7 NLM, 2/7, 3/7 Willow Bridge, 11/7, 13/7, 16/7, 18/7, 23/7, 24/7 Heerengracht, 26/7, 27/7, 28/7 Bybels, 31/7 Citrusdal, 1/8, 2/8 NLM, 6/8 Cresta, 14/8, 15/8, 16/8, 18/8/2018.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

## BEDIENINGSOPDATERING -
### INTERNASIONALE SKOLE

Japansending (JS) is betrokke by die bediening van twee Christen- Internasionale Skole. Hierdie skole het 'n ongelooflike geleentheid om baie vir Christus te beïnvloed. **Dawid Verwey** dien as raadslid van die **Kyoto Internasionale Universiteitsakademie** (ongeveer 300 studente). **Renata Rossouw** dien as raadslid by die **Kansai Christenskool** (KCS, ongeveer 50 leerlinge).

Laura Swallow is 'n voltydse onderwyseres by KCS en word geborg deur Japansending. "God hou steeds vol om groot dinge deur die bediening by KCS te doen," het Laura onlangs gedeel. "Hierdie jaar het baie Japannese gesinne die skool begin bywoon en ons maak steeds gebruik van geleenthede om die liefde van God met hulle te deel. Ek onderrig grade 5-10 en die fokus is op die Bybel in die hoërskool. Ek help ook om in die hoërskool 'n **dogters-bybelstudiegroep** te lei terwyl ons saam eet, saam godsdiensoefening het en vir mekaar bid. Dit is 'n seën om hierdie dogters te bedien, dieper in die Bybel te delf en hulle te leer om nouer saam met die Here te loop."

**Bid** vir wysheid en insig vir Laura aangesien sy baie geleenthede het om die leerlinge en ouergemeenskap vir Christus te beïnvloed.



*Laura Swallow*

## BEDIENINGSOPDATERING -
### ENGELSE EVANGELISASIE

Daniel Cho van Kalifornië het gedurende Mei 2017 by Japansending aangesluit as 'n Engelse evangeliese onderwyser. Tans gaan hy na baie kerke om te dien as Engelse onderwyser en help die kerke om hulle gemeenskap te bereik vir Christus. Baie wat nie normaalweg kerk bywoon nie, kom om Engels te leer en maak vriende met 'n buitelander. Elke klas eindig met Bybeltyd en tyd vir gemeenskap oor 'n koppie groentee.

Daniel is uiters bekwaam en lei ook die span by die Kinderklub, wat 'n uitreik is na 'n groep kinders en ouers - die meeste van hulle het nog nooit 'n kerk bygewoon nie.



*Daniel Cho*

"As ek terugdink aan my verlede, was ek heeltemal blind oor hoe God my voorberei het vir hierdie taak," het Daniel onlangs gedeel. "Dis 'n groot vreugde om 'n rol te speel in die bekendstelling van die evangelie aan baie."

**Bid** vir kreatiwiteit en insig aangesien Daniel die span by die Kinderklub lei en baie moontlikhede het om uit te reik na die leerlinge vir Christus.

## BEDIENINGSOPDATERING -
### MEDIESE UITREIK

Mark Bercero van die Filippyne het in Februarie 2018 by Japansending aangesluit. Hy gaan nou na verskillende kerke om te dien as Engelse evangeliese onderwyser.

Die Here gebruik Mark ook op ander wonderlike maniere. Mark is opgelei as 'n mediese verpleër en was in staat om Mediese Engels aan dokters te leer in ons area deur die Internet, terwyl hy nog in die Filippyne gebly het.

Noudat Mark in Japan bly, wil dieselfde dokters weer Mediese Engels by hom leer. Ons is nou besig om reëlings te tref om in samewerking met plaaslike kerke in daardie areas te werk sodat hierdie dokters die kerk dikwels kan besoek om Mediese Engels te leer en ook terselfdertyd van die Bybel te leer.

'n Aantal van hierdie dokters knap hulle Engels op sodat hulle die buitelandse atlete gedurende die Olimpiese Spele van 2020 kan ondersteun. Mark is genooi om by hierdie span aan te sluit! **Bid** vir Mark aangesien hy 'n besondere gawe het om vriende te maak met hierdie dokters en Christus met hulle te deel.



*Mark Bercero*